

Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
Faks (041) 3652586
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045

'n Blink toekoms begin hier!

NUUSBRIEF 18
4 JUNIE 2021

UIT DIE KANTOOR

Goeie dag Ouers

MEDELYE
Ons opregte meegevoel word betuig teenoor Danté en Juandré Brits in graad 1R en hul familie met die heengaan van hul ouma verlede week. Mag hul familie die nabyheid van ons Hemelse Vader in hierdie tyd beleef.

COVID-19 POSITIEWE LEERLING
Hiermee stel ons u in kennis dat ons ons eerste geval in 2021 van 'n leerling het wat positief vir Covid-19 getoets het. Alle aanduidings is dat sy die virus buite die skool opgedoen het. Die leerling was laas Donderdag in die skool. Ek wil haar ouers bedank vir hul vinnige optrede. Hulle het haar onmiddelik by die skool kom haal toe hulle hoor vriende van hulle het positief getoets.

Ons was vanoggend met die Departement van Gesondheid in kontak en hulle het ons verseker dat die skool se protokol 100% korrek was. Na bestudering van kamera-opnames van die klas en deur die gesprek met die ouers kan ons rapporteer dat daar geen direkte kontak tussen die leerling en haar klasmaats of onderwysers was nie. Direkte kontak beteken dat hulle fisies met haar kontak gehad het, haar persoonlike besittings hanteer het of haar persoonlike area met haar gedeel het. Om bloot in die klas te wees, beteken nie hulle was in direkte kontak met haar nie. Almal het die heel tyd maskers opgehad en het 'n veilige afstand gehandhaaf. Dit word as "terloopse aanraking sonder risiko" beskou.

Ons wil alle ouers versoek om sover moontlik tuis te bly en om nie groot funksies en braaie by te woon nie. **Moet asseblief geen verjaarsdagpartytjies vir leerlinge reël of bywoon nie, veral in die tye wat Covid-19 ernstig aan die toeneem is.** Die aktiwiteite het baie keer mense wat nie maskers dra nie en stel ons kinders bloot om siek te raak. Ons moet in hierdie tyd hande vat en mekaar help om ons kinders en die skool so veilig as moontlik te hou.

Kontak my direk indien u enige vrae het en bly asseblief van bespiegelinge op whatsApp-groepe weg. Ons weet die skoolomgewing is op die stadium een van die veiligste plekke in Port Elizabeth. Ons doen 'n beroep op ons ouers, leerlinge en personeel om onder hierdie omstandighede kalm te bly.

PLANTE VIR SKOOLTUIN
Mnr. Impey is besig om die voortuin van die skool op te gradeer. Dit begin al klaar pragtig lyk. Ons wil net weet of daar dalk ouers is wat plante aan die skool kan skenk as julle dalk jul tuine 'n bietjie uitdun.

Ons is opsoek na sekere soorte grondbedekkers wat in skadukolle kan groei, asook 50 clivia plante. Ons sal dit waardeer as u ons kan laat weet indien u enige beskikbaar het.

JUNIEMAAND SE ROOSTER VIR GRAAD 4 TOT 6
Die tabelle hier onder dui aan wanneer watter groep skool toe kom en watter dag se rooster ingepak moet word. Slegs grade 4 tot 6 volg die spesifieke rooster. Die grondslagfase- en graad 7-leerlinge sal 'n normale skooldagrooster volg. Die groepe waarin die leerlinge ingedeel is, verskyn op D6, onder bronne.

Bestudeer die onderstaande tabelle om u te vergewis van hoe dit gaan werk

GROEP A

Datum	Dag	Rooster gevolg
2021/06/08	Dinsdag	Volg Woensdag se rooster
2021/06/10	Donderdag	Volg Donderdag se rooster
2021/06/14	Maandag	Volg Maandag se rooster
2021/06/17	Donderdag	**Eksamen begin. Almal by die skool**

GROEP B

Datum	Dag	Rooster gevolg
2021/06/07	Maandag	Volg Woensdag se rooster
2021/06/09	Woensdag	Volg Donderdag se rooster
2021/06/11	Vrydag	Volg Vrydag se rooster
2021/06/15	Dinsdag	Volg Maandag se rooster
2021/06/17	Donderdag	**Eksamen begin. Almal by die skool**

SKOOLGELDE 2021
Baie dankie aan al die ouers wat so gereeld hul skoolgelde betaal. Ek wil tog 'n vriendelike beroep doen op diegene wat agterstallig is, om die verpligting wat u kind se skoolgelde betref na te kom. Die skool is verantwoordelik vir sy eie rekeninge, want ons kry **minimale** hulp van die staat. Indien daar nie deur ouers gereageer word deur hul skoolgelde te betaal nie, sal die beheerliggaam genoodsaak wees om verdere stappe te neem. Die betaling van skoolgelde is 'n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

Die volgende wyses van betaling is beskikbaar: maandelikse debietorder oor 10 of 11 maande. (Januarie/Februarie – November en is opbetaalbaar voor/op 30 November 2021. 'n Debietorder kan slegs op 'n tjek-/spaar-/transmissie rekening ingestel word.) U mag ook die skoolfonds EFT. Indien u kontant wil betaal kan u by Mev. Laas of verkieslik direk in ons bankrekening betaal.
Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf, en u bewys van betaling aan fin@lnpark.co.za e-pos.

Alle graad R-gelde is maandeliks vooruitbetaalbaar en nasorggelde is kwartaalliks streng vooruitbetaalbaar. Geen verligting word ten opsigte van hierdie dienste toegestaan nie, aangesien hierdie aktiwiteite deel van die skool se vrywillige program is.

KRY KORTING OP SKOOLGELDE
Indien u skoolgelde (graad R – 7) ten volle voor/op 31 Mei 2021 betaal word, kan u vir ‘n 5% korting kwalifiseer.

ELEKTRONIESE BETALINGS

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en/of u kind se van en naam verskaf. ‘n Bewys van betaling moet per e-pos na fin@lnpark.co.za gestuur word.

GEDAGTE VIR DIE WEEK
Staan vas vir dit waarin jy glo!
Luister na jou gewete
Lewe volgens beginsels.
Bou en bewaar jou reputasie.

Kom ons maak Newtonpark kinders met integriteit groot.

SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:
Die volgende **datums moet u asseblief op u kalender aanteken:**

Ma – 7 Junie	:	**Skoolbywoning : Groep B (Woensdag rooster)** Klerewinkel **07:30-12:00** **Kuns : Ingeskrewe leerlinge 14:00 – 15:30**
Di – 8 Junie	:	**Skoolbywoning : Groep A (Woensdag rooster)**
Wo – 9 Junie	:	**Skoolbywoning : Groep B (Donderdag rooster)** Klerewinkel **12:00-14:30** **Kuns : Ingeskrewe leerlinge 14:00 – 15:30**
Do – 10 Junie	:	**Skoolbywoning : Groep A (Donderdag rooster)** Finansiële Komiteevergadering **17:00**
Vr – 11 Junie	:	**Skoolbywoning : Groep B (Volg Vrydag rooster)** Klerewinkel **07:30-12:00**

SPORT & KULTUUR

OOS-KAAP PERDRY KOMPETISIE : 29 + 30 MEI 2021
Emma de Wit in Graad 5S het op 29 en 30 Mei 2021 Laerskool Newton Park by hierdie jaar se eerste SANESA Oos-Kaap Perdry kompetisie verteenwoordig. Die kompetisie was by die PE Riding Club gehou en sy het in 3 afdelings in die beginners klas deelgeneem. Sy het 2de plek in die "Equitation 30cm" en 3de plek in "Dressage" behaal. Baie geluk met jou prestasies, Emma!

POLAND/IRELAND PERFORMING ARTS INTERNATIONAL STARS KOMPETISIE
Mia Beer in graad 6H het in Mei 2021 aan die aanlyn "Poland/Ireland Performing Arts International Stars" kompetisie deelgeneem. Sy het en 'n II LAUREATE diploma wat gelykstaande aan silwer is, ontvang. Hartlik geluk met hierdie prestasie, Mia!